# HOOFSTUK 6

## DIE PEDAGOGIESE TAAK VAN DIE OUER: RELIGIEUSE OPVOEDING

### 1. Die doel en betekenis van religieuse opvoeding

Godsdiens is die belangrikste faktor in die lewe van die mens. Die mens vind sy sin, oorsprong en bestemming in God. Die religieuse is altyd die grondmotief by al die aspekte van menswees, dit is bepalend vir heel sy lewe, want die mens is bo alles religieuse wese.(1) Die mens is egter van nature sondig en onbekwaam tot die goeie en daarom is die ouers geroepe om die opvoeding as genademiddel van God te gebruik, om die kind tot die kennis en vrese van die Here te bring en daarmee onder die invloed van die genadewerking van God in sy lewe.

Die religieuse is dan ook die grondslag, hoogtepunt, beginsel en kulminering van alle opvoeding en daarom lê ook die sin en betekenis van alle opvoeding in die religieuse.(2) Die sin van religieuse opvoeding lê daarin dat die mens bekwaam gemaak word, toegerus word, om 'n geskikte instrument in die hand van God

---

1. Van Loggerenberg & Jooste, op. cit., p.36
2. Waterink, op. cit., p.557

te wees, sodat hy God kan dien, kind van God kan wees en God kan eer en verheerlik in die geheel van sy menswees.

Die doel van die religieuse opvoeding is die religieuse versorging, vorming en ontwikkeling van die kind. Om die kind op te voed tot religieuse wese wat God sal ken, sal eer, sal liefhê en sal dien en as geloofswese wat sal vasstaan in die geloof, en wie se gedrag en karakter, religieus gevorm sal wees. Ook om die kind tot die besef te bring dat hy, as eiendom van Christus, 'n ewigheidsbestemming het, maar ook 'n roeping en taak op aarde.

Die doel is verder om die kind onder die besef te bring dat hy weens die sondeval van die mens 'n verlore mens is, maar dat hy deur die genade van God en die geloof in Christus, in God se genadeverbond opgeneem word. Hy moet ook geleer word dat die Woord van God, die Woord van die Lewe is en dat dit die rigsnoer moet wees vir hom op sy lewenspad en in heel sy lewe en werk.

Die kind moet religieus opgevoed word sodat hy in staat sal wees om in heel sy lewe die leiding van God te ervaar, te aanvaar en te volg.(3) Om te belewe dat heel sy lewe in die hand van God is en daarom moet

---

3. Post, op. cit., p.238

elke ervaring, elke oomblik van sy lewe, gerig wees op die verheerliking van God - moet sy hele lewe tot eer van God strek. Die doel van religieuse opvoeding is dan ook in die laaste instansie, om die kind op te voed tot 'n volwassene wat in staat is om God te dien deur heel sy lewe en werk en in alle lewensverbande en lewensomstandighede.

## 2. Die ouer se roeping en plig m.b.t. die religieuse opvoeding van sy kind

Die religieuse opvoeding van die kind is en bly by uitnemendheid die plig en die voorreg van die ouers en die kind moet dan ook sy basiese en belangrikste godsdiensonderrig in sy ouerhuis ontvang. „The most precious heritage that any home can pass on to the children is a strong religious faith . . . ."[4] Hierin het die ouers ook die heerlike voorreg dat hulle geroepe is tot medewerkers van God.

Die gelowige ouer laat nie alleen sy kind doop nie, maar kom ook die doopbelofte na. Volgens die Skrif en die doopbelofte van die ouer, dra die ouers primêre verantwoordelikheid vir die godsdiensonderrig van die kind. Dit beteken dat die ouers self hulle kind in die beginsels van die Christelike godsdiens moet onderrig, maar ook dat hulle die kind onder die

---

4. Ellenwood, op. cit., p.89

prediking van die Woord sal bring. Die liefde vir die Woord van God, die begeerte tot die erediens en die lojaliteit aan eie belydenisskrifte, moet ook tuis onder leiding van die ouer aangekweek word.

Die genadeverbond van God sluit sowel ouers as kinders in en die religieuse opvoeding van die kind is noodsaaklik ten einde die verbondsvoorwaardes, waartoe die ouer by die doop toegestem het, na te kom. „God requires from covenant children that they believe in Jesus Christ unto salvation and that they turn from sin to holiness. . . . . . . . . . . . . . Christian education is one of the means which God is pleased to use for working faith in the heart of the child . . ."(5)

Die krag van die Christelike opvoeding is juis geleë in die beloftes van die verbond en die verseëling van die verbond deur die doop. Die kind is erfgenaam van die verbondsbelofte en sy godsdienstige opvoeding moet dan ook uitloop op sy inlywing in die gemeenskap van gelowiges, die verbondsgenote.

## 3. Religieuse opvoeding in die gesin

### 3.1 Religieuse opvoeding is totaliteitsopvoeding

Religieuse opvoeding, net soos alle ander opvoeding, is totaliteitsopvoeding. Dit spreek nie alleen

---

5. *Jaarsma, op. cit.*, p.34-35

die gevoelens aan nie, maar word ook op die verstand gerig en beïnvloed die wil.(6) Die religieuse opvoeding brei hom uit tot heel die lewe en werksaamheid van die kind en daarom moet die godsdienstige vorming van die kind hom in staat stel om in heel die lewe, die leiding van God te sien en te volg.

### 3.2 Die Bybel moet die grondslag vorm

Die Bybel, die Woord van God, moet die grondslag vorm van die religieuse opvoeding van die kind, want die Skrif is deur God ingegee en dra die gesag van God self.(7) Die ouer moet die kind van jongsaf in die Skrifte inwy, eerstens deur op kinderlike wyse paslike Bybelverhale aan die kind te vertel en later ook insig in die openbaring van God. Die vertelling moet 'n krag wees wat elke dag in die kind sal werk en moet by die wêreld, die taal en die spel van die jong kind aangepas word. Die sfeer wat by die vertelling geskep word is van groot betekenis, want as sfeer en leer in volle harmonie is, doen dit 'n beroep op die hele kind.

Direkte kontak met die Bybel is noodsaaklik vir ouer kinders en die ontwikkeling van die vermoë om die Bybel te lees is dan ook deel van die godsdiensonderrig. Kinders moet voortdurend daarvan bewus wees

---

6. Post, op. cit., p.214

7. Coetzee. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.98-99

dat die Bybel die bron is van die kennis van die verlossing. Die Bybelse geskiedenis is die geskiedenis van die heil, maar ook die geskiedenis van die openbaring van God. Die doel van religieuse opvoeding is nie in die eerste plek die leer van Bybelse geskiedenis nie, maar dat die kind die Woord van God ken om die stem van God te ken en die weg te ken wat nodig is vir sy sieleheil.

Die sonde verswak die mens se wil tot die goeie dit verduister sy verstand en maak dat hy tot die verkeerde geneig is. Hierdie toestand maak dit no saaklik dat die kind sy Bybelkennis aangaande die sk ping, sondeval, verlossing en eindverwagting sal uitbrei, om daardeur sy geloofsfunksies van kerkbesoek, Skrifondersoek en gebed, getrou na te kom. „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (II Tim. 3:16) Die Skrif is onveranderlik, bly ewig waar en is die enigste waaragtige weg tot die kennis van God. (8)

---

8. Ibid., p.99

### 3.3 Godsdiensopvoeding moet opsetlik wees

Die kind sal nie uit die staanspoor die diepte van die gemeenskap met Christus kan beleef nie, maar alhoewel dit nooit te laat is om deur Christus geroep te word nie, is dit 'n onvergeeflike nalatigheid van die ouer om die ontvanklike leeftyd van die kind te laat verbygaan sonder om die kind opsetlik met Hom in aanraking te bring. Die kind se godsdienssin word in sy jeugjare vasgelê. „Ik zeg ,opzettelijk'. Want zeker mag niemand heil verwachten van een godsdienstonderwijs, dat in het leven en voorbeeld van die opvoeder geen klankbodem vind."(9)

### 3.4 Geloofswaarhede

Religieuse opvoeding sonder dat die kind tot die kennis van geloofswaarhede kom, is nie moontlik nie. Dit is moeilik om geloofswaarhede aan kinders en jong mense te onderwys, want dit is nie bloot getuig van die waarheid nie, en ook iets anders as bloot 'n objektiewe mededeling. Dit is om te spreek oor dit wat ons glo van die waarhede wat God ons deur Sy genade laat ontdek; dit is die mededeling van die oorwinning van God oor ons lewe en dit is die kennis van die genade van God, dat Hy ons mense in Sy waarheid, Sy goedheid en Sy trou wil red en verlos. Dit is die terugvind van God in ons lewe. In hierdie geloofsgehoorsaamheid

---

9. Kohnstamm, op. cit., p.441-442

vind die ontmoeting plaas tussen God en die mens en tussen die mens en sy God, en die ontmoeting is alleen moontlik in Jesus Christus.(10)

### 3.5 Die godsdienstige milieu waarin die kind opgroei

Die milieu kan en moet 'n belangrike rol in die kind se lewe speel en dus ook in sy godsdienstige vorming. Daar is egter altyd die gevaar dat die milieu oorbeklemtoon kan word. Ware geloof bly God se werk en die milieu kan slegs 'n ondersteunende rol en nie 'n beslissende rol speel nie. Dit moet steeds as uitgangspunt dien wanneer daar oor die betekenis van die milieu vir die godsdienstige vorming van die kind gespreek word.

Die godsdienstige belewing en denke in die kinderperiode is alleen moontlik in 'n milieu wat godsdienstige belewings- en denkvorme bevat en waarin hierdie vorme vir die kind op 'n passende wyse aangebied word.(11) Word aan hierdie voorwaardes nie voldoen nie, dan kan daar wel 'n gewoontevorming intree wat die uiterlike gestalte het van 'n meedoen in die omgangsvorme van die volwassene, maar die betrokkenheid van die kind in hierdie dink- en gevoelswêreld is dan nie verseker nie. Dit kan nie aan die kind oorgelaat word om 'n religieuse konsep op te bou nie, maar die ouer

---

10. Waterink, op. cit., p.573-577

11. Bal, op. cit., p.28

sal op die belewings- en ervaringsmoontlikheid van die kind moet bou en die kind deels self verantwoordelikheid vir sy wordende wêreldbeeld moet laat neem.(12) 'n Ontdekking moet gemaak en 'n sprong gewaag word. By die nalaat van die sprong sal die kind homself en sy omgewing tevrede stel met die oorneem van die in die milieu geldende of altans erkende vorme, sonder om self innerlik betrokke te gewees het by 'n aktiewe aanvaarding daarvan. Die kind moet dus 'n lewende aandeel kry in sy religieuse lewe en moet weet dat die geloof van 'n ander nooit syne kan word nie. Hy moet dus leer om geleidelik verantwoordelikheid vir sy eie geloofslewe te neem en dit sal hom in staat stel om waaragtig te word in sy geloof.

Van die grootste belang is die ontmoeting met die geloof as lewenstyl van die eie milieu, want wat die aard van die kind se geloofsoortuiging sal wees en hoe dit by hom sal posvat, hang in 'n belangrike mate af van hoe die kind in sy gesin, in sy milieu en deur die gevoelsverhoudinge tot interpretasie van die religieuse kom. Hierdie lewenstyl sal aan waarde inboet as dit nie eg is nie. Die egtheid daarvan skep vir die kind rustige ruimte om self iemand te word en hy aanvaar die egtheid as sekerheid, aanmoediging en veiligheid.(13)

---

12. Langeveld. Kind en religie, p.69-70
13. Ibid., p.71

Die voorbeeld van die ouers in eie gebedslewe, godsdiens en daaglikse gedrag het 'n magtige invloed op die godsdienstige ontwikkeling van die kind.[14] Die kind moet gewoond raak aan die beoefening van die godsdiens gedurende sy kinderjare, wanneer die nabootsingsdrang, die wil-meedoen, domineer. Die religieuse opvoeding is dan ook in 'n groot mate afhanklik van die godsdienstigheid van die ouers. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die ouers om 'n godsdienstige atmosfeer in die gesin te skep en om godsdienstige gebruike te vestig. Die gesin is van primêre belang vir die kind se religieuse vorming. In die gesin ontdek die kind die lewenswaardes en leer hy wat geloof is. Die kind kyk na die lewe van die ouers en soek daarin na die plek van God, na die sin van die geloof en na die betekenis van die kerk. Die kind vra nie soseer na ideale modelle nie, as na toetsstene om hom te help om sy eie godsdienstige ervaringe te verwerk.[15] Deur die voorbeeld van sy ouers leer die kind dat godsdiens nie iets aparts is nie, maar dat dit die hele lewe deursuur en altyd en orals uitgeleef moet word.

Die ware religieuse opvoeding kan slegs gedy in 'n gesonde christelike klimaat.[16] Dit is nie net die voorbeeld van die ouers wat belangrik is nie, maar ook

---

14. Geldenhuys, op. cit., p.77-78

15. Van Haaren, J. Jeugdzielzorg, p.19-20

16. Berquin, op. cit., p.110

die godsdienstige atmosfeer wat in die huis heers, die gesprekke, christelike lektuur, die wyse van godsdiensbeoefening, ens. Die plek wat die religie inneem in die wêreld van die ouers self en in daardie ondefinieerbare geheel van die opvoedingsmilieu wat ons sfeer noem, het verreikende gevolge vir die religieuse vorming van die kind.

## 3.6 Die religieuse behoeftes van die kind

Die kind het bepaalde behoeftes m.b.t. sy religieuse vorming. Die belangrikste is waarskynlik godsdienstige sekuriteit. Die fondamentstene van die religieuse waarhede word oor baie jare een vir een in die kind se hart gelê en daarop moet hy uiteindelik sy lewensfilosofie bou.[17] Dit spreek vanself dat hierdie fondament heg en deeglik gelê moet word.

Tweedens het die kind 'n ware begrip van God nodig. Lank voordat die kind definisies verstaan, bou hy vir homself 'n idee van God op. Hierdie beeld is beperk en mag verkeerd wees. Die kind dink aan God as 'n persoon.[18] Die Godsgedagte by die kind moet voortspruit uit die kennis van God wat hy uit die Woord van God leer. Die kind moet vroeg reeds God uit Sy Woord leer ken, want dit is alleen die Woord van God

---

17. Jacobsen, op. cit., p.12
18. Langeveld. De opvoeding van zuigeling en kleuter, p.136

wat die ware beeld van God kan voorsien en nie die verbeelding van die kind of van 'n volwassene nie. Sonder die waaragtige kennis van God kan Hy nie geëer word nie.

In die derde plek moet die kind die aard van die kwaad verstaan asook die bedreiging wat die kwaad vir die lewe van die mens inhou.[19] Hy moet leer dat die kwaad nie gemeenskap met God kan hê nie en dat die kwaad 'n vyand van die mens se onsterflike siel is. Hy moet egter ook die versekering ontvang dat alhoewel God sy lewe, sy sonde, sy haat ken, Hy nogtans die kind liefhet in Christus. Hy moet weet dat God sterker as die kwaad is en aan ons oorwinning in sonde gee.

Vierdens moet die kind sy eie waarde voor God ken. Hy moet leer dat hy na die beeld van God geskape is en kosbaar in die oë van God is. Verder dat hy in Christus regverdig voor God is en dat God 'n plan met die lewe van elke mens het en daarom vereis dat elke mens na liggaam, gees en verstand ten volle sal ontwikkel ten einde volkome toegerus te wees vir die werk wat God op aarde aan hom gee.[20]

---

19. Waterink. Basic concepts in Christian Pedagogy, p.123

20. Jacobsen, op. cit., p.14-15

Vyfdens moet hy die belangrikheid van sy vrye keuse weet.[21] God voorsien volledig in die behoeftes van elke mens, tot in die ewige lewe, maar God nooi uit, hy dwing nie. Die mens moet self die keuse maak of hy sy lewe aan God sal wy of nie.

In die laaste instansie moet hy God se verlossingsplan ken. Die mens word alleen uit die genade in Christus gered en nie uit die werke nie. Deur die geloof in Christus neem God die mens aan as seuns en dogters van God.[22]

## 3.7 Die rol van die moeder

Die moeder speel 'n besonder belangrike rol in die godsdienstige opvoeding van die kind en veral van die voorskoolse kind.[23] Die onderrig van die moeder moet 'n daaglikse onderrig wees en moet daaruit bestaan dat die moeder deur haar dade, haar lewenshouding, haar gedrag, ens. sal onderwys. Dit moet op so 'n wyse geskied dat dit daardeur duidelik is dat vroomheid ook vir haar die fondament van die lewe is.

In die godsdiensopvoeding moet daar terdeë met die ontwikkelingstadium van die kind rekening gehou word en daar moet daarteen gewaak word dat die kind nie as 'n

---

21. Langeveld. Kind en religie, p.73-74
22. Jacobsen, op. cit., p.15
23. Waterink. Aan moeder se hand na Jesus, p.16 & 26

klein grootmens beskou word nie. Die opvoeding moet by die wêreld en taal van die kind aansluit, sodat die kind die vertelling, die voorlesing, ens. sal verstaan en inneem.[24]

In die begin moet die godsdienstige vorming tot die wesenlike beperk word. Hierdie wesenlike moet op eenvoudige, begryplike wyse aangebied word. Daar moet gebruik gemaak word van die behoeftes en belangstelling van die jong kind en daarby moet alles vermy word wat die spontane uitgroei na volwasse godsdienstigheid sal belemmer.[25] Die kleuterfase is by uitstek vir godsdienstige vorming geskik, maar daar moet nie gepoog word om aan die kleuter 'n volwasse geloofslewe te gee nie. Die kleuter behoort ook voldoende vryheid te geniet om die godsdienstige wêreld op sy eie kinderlike wyse te ontdek, te verken en daaraan sin te gee.

Die kind moet ook vroeg reeds kennis maak met die gebed en die gebedslewe. Die manier waarop die kind leer bid, is belangrik en hy moet uit die staanspoor besef dat gebed kontak met God, praat met God, is. Die gebed moet nooit die opsê van 'n moeilike les word nie. Die moeder sal ook in die vorming van die gebedslewe van die kind 'n baie belangrike rol speel en wel

---

24. N.G. Kerk, op. cit., p.398

25. Bal, op. cit., p.52

deur haar leiding en haar voorbeeld. Die kind moet uit die staanspoor leer dat gebed 'n saak van erns is en dat waaragtige dankbaarheid in die gebed na vore moet tree.(26)

Vrees en angs aanwakker in die opvoeding is altyd verkeerd, maar dit is nêrens so bedenklik as op die religieuse terrein nie. Die bedreiging met die duiwel en die hel kan die godsdienstige lewe van die kind in verkeerde bane lei, die lewenskragtige kiem daarvan doodmaak.(27) So 'n godsdiensbeskouing kan by die kind die indruk wek dat hy sy saligheid kan verdien, nie soseer deur die doen van goeie dade nie, maar deur uit vrees die kwade te vermy. Die religieuse vorming van die kind kan nie op vrees gebou word nie, want hy moet juis leer dat hy by God veilig is, dat die genade van God onbegryplik groot is oor al sy kinders, dat God liefde is en dat Hy in en deur die liefde gedien wil word.

### 3.8 Die kind moet leer dat hy God deur sy hele lewe moet dien

Dit is ook deel van die religieuse opvoeding van die kind dat hy moet begryp dat hy God deur sy hele lewe moet dien en nie net in die godsdiensoefening nie.

---

26. Van Loggerenberg & Jooste, o.. cit., p.39-40
27. Kohnstamm, op. cit., p.438-439

God openbaar Hom ook in die hele natuur, die geskiedenis, die kultuur, ens. en om God reg te kan dien is dit ook noodsaaklik dat die mens verstandelik, kultureel, sosiaal, ens. gevorm sal wees. God moet op al die terreine van die lewe gedien word, want wat die mens ook al doen, of hy bid of werk, die Woord van God is in alles sy rigsnoer en sy hele lewe staan ook in die teken van diens aan God. Die religieuse opvoeding moet dan ook lewensvreugde beklemtoon, die Christen soek nie isolasie nie en moet vry wees van valse vroomheid - hy moet inderdaad as kind van God vol in die lewe staan, arbeidsaam en steeds bereid om elke gawe van God met dankbaarheid en vreugde te aanvaar en te geniet. Die geskiktheid van die mens as instrument in die hande van God, word mede bepaal deur die hele opvoeding en alle lewensaktiwiteite, op watter gebied dit ook al mag lê en onder watter aspek dit ook al gesien word. „Door heel het leven scherpt God mensen tot zijn beitels; maar hy vormt eveneens in dit leven de zachte handen, die Hy nodig heeft om zijn werk te doen."(28)

Die kerk, die kerklike lewe en die bywoning van die eredienste moet 'n saak van groot erns wees in elke gesin. Kerkbywoning, Sondagskool, of Katkisasie,

---

28. Waterink. Theorie der opvoeding, p.562

asook jeugverenigings van die kerk, moet vir die kind 'n normale deel van sy religieuse opvoeding uitmaak.(29) Sodra die kind oud genoeg is, bring die ouers hom kerk toe, later sorg hulle dat hy die Sondagskool of Katkisasie bywoon. Wanneer die tyd ryp is, moedig hulle hom aan om deur middel van die aflê van geloofsbelydenis 'n lidmaat van die kerk te word. Die ouer kan weliswaar nie die kind tot bekering bring nie, want dit is alleen moontlik deur die genadewerking van God in die kind se lewe, maar versuim om die doopbelofte na te kom ontneem die kind die geleentheid om d.m.v. die opvoeding God te leer ken en lief te hê. Ook die opvoeding is 'n genadegawe van God om die kind van God tot Hom te bring, en hierin sal die kerklike lewe 'n belangrike rol moet speel.

4. Die taak van die kerk

Die kind van gelowige ouers word nie gedoop om hom daarmee 'n kind van God te maak, asof hy voorheen 'n vreemdeling vir die kerk was nie. Inteendeel, die kind word deur die plegtige teken van die doop in die kerk opgeneem omdat hy reeds in die verbond van genade ingesluit is, reeds verbondskind is.(30) Deur

---

29. Ellenwood, op. cit., p.91-92

30. Cully, I.V. The dynamics of Christian education, p.100

die doop word die kind nie alleen opgeneem in die boesem van die gemeente van Christus nie, maar daardeur aanvaar die kerk ook verantwoordelikheid om deur toesig en leiding toe te sien dat die kind religieus opgevoed sal word.

Die ouers van die kind dra wel primêre verantwoordelikheid vir die religieuse opvoeding van die kind, maar dit lê op die weg van die kerk om toe te sien dat die doopbelofte uitgevoer word. Die kerk moet in die eerste plek sy invloed gebruik om die ouers te laat insien dat die religieuse opvoeding van die kind hulle taak is en tweedens deur die bediening van die huisgesin.[31] Deur aanmoediging en voorligting word die ouers nie alleen aangespoor tot taakaanvaarding nie, maar word ook die nodige hulp en bystand verleen by die uitvoering van die taak.

Die kerk het egter ook 'n roeping om te onderrig. Dit word gedoen in die Sondagskool of Katkisasie en dit vorm 'n kenmerkende deel van die Christelike opvoeding.[32] Die Sondagskool of Katkisasie vervang egter nóg die ouer nóg die kerk, maar verrig 'n aanvullende funksie t.o.v. beide. Die onderrig in die Sondagskool of Katkisasie behels 'n grondige kennis en insig in die Bybelgeskiedenis, maar ook 'n inleiding

---

31. Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p.95
32. Cully, op. cit., p.108

in die besondere gees en tradisie van die kerk, asook 'n studie van die belydenisskrifte. Die doel van die kerklike onderrig is dan ook om die kind van die gelowige te voed en te versterk in die geloof, in die kennis en diens van God en die kind te onderrig in die Christelike leer. Die verantwoordelikheid van die kerk t.o.v. die jeug omvat dan herderlike sorg, geestelik-godsdienstige onderrig en opvoeding, toesig en leiding op elke lewensterrein en in elke lewensfase. Deur kerkdienste, Katkisasie, Sondagskole en jeugbewegings is die invloed van die kerk veel groter as wat gewoonlik besef word, maar die gelowige ouer het hier weer die plig om die kerk ten volle in sy werk te ondersteun.(33)

Verenigings met geestelike en godsdienstige opset moet in wyer verband in die behoeftes van die opgroeiende jeug voorsien en 'n positiewe bydrae maak in belang van die geestelike vorming van die kind.(34) Die klem moet hier val op aktiewe deelname en self verantwoordelikheid dra onder toepaslike leiding. Jong mense moet veral geleentheid kry om hulle godsdiens prakties uit te leef. Vir die jong mens wat sy inset in Christus moet kan vind, word dit vir hom alleen werklikheid as hy in staat is om op die een of ander wyse die geloof en die waarheid prakties te beoefen.

---

33. Foppema & Daalder, op. cit., p.229

34. N.G. Kerk, op. cit., p.415-416

Dit moet vir hom duidelik gemaak word dat God hom uitnooi, dat die kerk vir hom oopstaan en dat hy homself op die hoogte moet stel van alles wat God die mens bekend gemaak het en wat deur die kerk tot die mens gebring word.

Die kerk moet dit ook as sy roeping aanvaar om toe te sien dat daar steeds 'n ereplek aan die Woord van God in die skool gegee word.[(35)] Die kerk strek immers haar bemoeiinge uit oor duisende jong mense wat via die ouers bereik word. Die kerk se bemoeiing met die skoolopvoeding sal egter onregstreeks van aard wees en hoofsaaklik geskied deur die tussenkoms van sy lidmaat-ouers en hulle aandeel in die beheerliggame van skole. Die grond van die kerk se bemoeiing met die skoolopvoeding lê daarin dat die kerk die plig het om toe te sien dat die opvoeding van die dooplidmaat in ooreenstemming met die doopbelofte van die ouers sal verloop, beide in die opvoeding deur die ouer en in die skoolopvoeding.

Die kerk het ook 'n besondere taak t.o.v. die sedelike opvoeding. Die kerk is die bewaarder en die vertolker van die Christelike sedelike tradisie.[(36)]

---

35. Ibid., p.290

36. Bower, op. cit., p.35

Die kerk moet dus ook in hierdie verband daadwerklike leiding en hulp verleen aan sowel die ouer as die kind. Doeltreffende sedelike beïnvloeding sal egter altyd onderhewig wees aan die feit dat die sedelike voortspruit en afhanklik is van die religieuse en nie andersom nie, want om die naaste soos jouself lief te hê, is alleen moontlik as jy God bo alles en met jou hele wese liefhet.

Die kerk het dan die besondere taak om sy lidmate op te roep tot roepingsbewustheid in hulle taak as gelowiges in die daaglikse lewe. Hierin sal hulle die leiding van God m.b.t. keuse, voorbereiding en uitvoering van hulle lewe moet volg, m.a.w. dit behels hulle hele lewe, dus ook die verbondskind se opvoeding tuis en op skool.